

Die vloei van kulturele strome

Op soek na definisies wat sin maak van kultuur

Mark Rathbone

Kultuur is soos 'n vloeiende rivier – die landskap waardeur dit gaan bepaal die vloei-rigting, -snelheid en -windinge. 'n Mens kan sê die veranderende omgewing waardeur 'n rivier vloei, bepaal hóé daardie rivier is, of wat dit besig is om te word. Omgekeerd, met die verloop van tyd, het die rivier egter ook 'n impak op die plekke waardeur dit vloei, want deur die jare, eeue en millennia laat dit sy eie merk op selfs die mees geharde omgewing.

Die metafoer van kultuur as 'n rivier verwys na die kontekstuele karakter van gebruike, simbole en metafore wat die etos van mense bepaal. Terselfdertyd het die etos van mense ook 'n impak op hulle konteks. 'n Goeie voorbeeld is die kulturele rewolusie wat plaasgevind het met die *Aufklärung* en industrialisasie in Europa. Rasionalisme en tegnologiese ontwikkeling het jare van pre-moderne denke en 'n landelike bestaanswyse getransformeer. Vandag vertoon hierdie kulturele rewolusie sy impak op die omgewing in die vorm van omgewingskrisisse soos globale verhitting en die verkragting van ekosisteme.

Die teologiese uitkyk op kultuur toon 'n interessante wending. Anders as die indruk wat dalk jare lank gegee is, gaan dit in die hart van die evangelie nie oor kultuur as primêre bron van identiteit nie. So 'n opvatting lei maklik tot eksklusiwiteit en onverdraagsaamheid. Die evangelie dekonstrueer egter eerder kultuur – dit ruk dit weg vanaf egoïstiese selfbeheptheid en mag. Paulus sê inderdaad: “Christus is ons vrede, Hy wat die twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het. Deur sy liggaam te gee, het hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n muur van skeiding gemaak het” (Efes 2:14).

Indien ons begin besin oor 'n teologiese vertrekpunte van kultuur, lyk dit of Paulus pleit vir 'n Christosentriese vertrekpunt. Die pinkstergebeure van Handeling 2 plaas kultuur binne 'n pneumatologiese draaikolk en keer die taalverwarring van die toring van Babel op sy kop. Vandaar af blyk dit dus nie 'n té groot sprong te wees om die Triniteit as die teologiese vertrekpunt vir kultuur te aanvaar nie.

Met ander woorde, wanneer ons oor kultuur besin, begin ons deur te vra wat ons glo van die Vader, Seun en Heilige Gees. Dit is 'n *kwalitatiewe* en dekonstruktiewe vraag waarin die Drie-enige God kulturele identiteite transformeer.

Kultuur onbelangrik?

Betekén dit dat kultuur nie belangrik is nie? Beslis nie! Hoe anders sal ons van dag tot dag van ons bestaan sin kan maak? Ons kan egter nie die kultuurgesprek voer sonder die *kwantitatiewe* dimensie van die realiteit van kulturele verskeidenheid nie. Daarmee as vertrekpunt kan ons probeer

om definisies te kry vir terme wat aan die orde van die dag is en sin maak uit die kulturele diversiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing. Ek sal 'n raamwerk probeer gee vir moontlike definisies vir drie terme wat met kultuur te make het, te wete *kulturele imperialisme*, *multi-kulturaliteit* en *interkulturaliteit*.

Kulturele imperialisme is nie bloot iets wat klink of dit by die negentiende-eeuse klassieke kolonisasie tuis hoort nie. Kulturele imperialisme laat hom vandag steeds geld die oomblik wanneer ons die TV aanskakel of deur 'n tydskrif blaai. Dan word ons oorspoel met die beelde en metafore van kultuur.

Oor die aard van dié kultuur en hoe 'n mens dit moet noem, word baie gedebatteer. Party noem dit moderniteit. Ander praat van Westerse imperialisme. Daar is egter redelike eenstemmigheid dat kultuur hand-aan-hand gaan met globalisering en besig is om die wêreld te verander. Die tragedie is dat minderheidsgroepe en -tale besig is om van die speelveld af te verdwyn. Die mag van die media, internet en die internasionale beweeglikheid van ekonomiese sake, is besig om 'n globale kultuur te vestig. Ons kan oor die etiek daarvan debatteer, maar ons kan nie ontken dát dit besig is om te gebeur nie. 'n Goeie voorbeeld is die impak van die waarde van die Amerikaanse dollar en die prys van ru-olie wat die koopkrag van mense tot aan die uithoeke van die aarde direk beïnvloed.

Kultuur is soos 'n rivier, maar kulturele imperialisme se doel is om die vrye vloei van die rivier doelbewus te verander. Dis amper soos om 'n dam te bou wat die vloei so beïnvloed dat die plante en bome onderkant die damwal nie meer genoeg water kry om te oorleef nie.

Die boek Daniël is seker een van die beste voorbeelde van kulturele imperialisme in die Bybel. Babiloniese imperialisme het bepaal dat die godsdiens-gekoppelde kulturele gebruike van Jode verbied is en vervang moes word met dié van die Babiloniërs (lees gerus *Culture and Imperialism* van Edward Said (1994) of *The Postcolonial Bible* van Segovia (1998) vir meer inligting).

Multi-kulturaliteit is vandag 'n populêre woord vir die verduideliking van kulturele diversiteit en verhoudings tussen mense. Dié term het saam met 'n groeiende kritiek téén modernisme en 'n objektivistiese waarheidsopvatting ontwikkel. Die waarheid lyk nie altyd dieselfde vir almal nie – verskillende mense kyk verskillend en sien dinge raak wat ander nie sien nie. Dit maak nie die waarheid relativisties nie. Dit is eerder 'n waarskuwing téén die afdwing van my eie kultuuroopvatting en waarheidsbeskouing op andere, so asof my opvatting en etos meer *beskaafd* (sic) of beter as iemand anders s'n is.

Multi-kulturaliteit bring mee dat mense of groepe die

ruimtes waardeur die rivier vloei, verskillend vertolk. Dit lei gevolglik tot 'n verskeidenheid van simbole en gebruike. Op hulle beurt beïnvloed dié simbole en gebruike elkeen op hulle eie manier die omgewing. Denke rondom multi-kulturaliteit word al in die publikasie *Pluralistic Universe* van die pragmatiese William James (1909) teruggevind.

Daar is twee ernstige probleme met die konsep multi-kulturaliteit.

- Daar is nie interaksie of dialoog tussen mense nie. Elke groep gaan rustig binne sy eksklusiewe kulturele ruimte voort. Indien daar wel kontak met ander groepe is, bly dit kunsmatig. Dit kan agterdog en weerstand tussen mense bevorder.

- Die geskiedenis van kolonisasie het gelei tot ongelyke verhoudings tussen mense. Eie stelsels van simbole en metafore mag moontlik ander groepe as minderwaardig beskou en só hulle menswaardigheid verguis. Die verhouding tussen die Jode en Samaritane bly steeds 'n sprekende voorbeeld hiervan. Alhoewel hulle saam in 'n multi-kulturele samelewing was, was kontak tussen hierdie groepe beperk omdat die Jode die Samaritane as minderwaardig beskou het.

Interkulturaliteit verwys na 'n poging om sin te maak van die verhoudings tussen mense, met die behoud van sensitiwiteit vir die verskille tussen mense en begrip vir die hiërargiese verhoudings tussen diverse groepe, asook binne daardie groepe self.

Die groot misverstand wat tans oor hierdie term heers, is die opvatting dat dit 'n vorm van kulturele imperialisme is waarin almal saam in een smeltkroes gegooi word. Die voorvoegsel "inter-" dui egter op 'n dialoog-verhouding tussen kulture. Dit dui daarop dat die voorstanders van verskillende vertolkings van die omgewing waardeur die rivier loop, in gesprek is met mekaar. Dié gesprek is nie kunsmatig of geforseerd nie, maar vind in elk geval reeds plaas, aangesien kulture nie met mure van mekaar afgekamp kan word nie. Daarom word vandag baie geskryf oor interkulturaliteit en gasvryheid – oor hoe verskillende groepe dieselfde ruimte deel.

Die vraag is nie óf die gesprek plaasvind nie, maar of daar weerstand daarteen is. Dié gesprek is krities belangrik. Ons het mekaar nodig, omdat nie een van ons alle fasette van die waarheid raaksien nie. Indien gesprek nie plaasvind nie, sal ons nie leer uit die verlede nie en sal ons die ruimte wat ons deel, meer skade as goed aandoen.

Om terug te keer tot die verwysing na Jode en Samaritane: juis Jesus is vir ons 'n model van interkulturaliteit. In Johannes 4 breek Jesus deur die weerstand wat tussen die Jode en Samaritane bestaan het en tree Hy in gesprek met 'n Samaritaanse vrou. Hy doen dit nie as haar meerdere nie, maar as 'n gelyke wat haar as 'n skepping na die beeld van God respekteer. (Lees gerus Segovia se artikel *Reading-Across: Intercultural Criticism and Textual Posture* van 2004, of *Through the Eyes of Another: Intercultural reading of the bible* deur De Wit et al. 2004.)

JY KAN NOU
IN DIE GERIEF
VAN JOU HUIS
ALLE CHRISTELIKE
MEDIA WAT JY
BENODIG, BESTEL

www.bybelmedia.co.za

DIREKTE BESTELLINGS
bestel@bmedia.co.za

DEELOPROEPE
0860 26 33 42

E-AANKOPE
www.bybelmedia.co.za

GEEN POSGELD NIE

